

Geloftesfeeskalender 2015

Betekenis

Die verraderlike moord op Piet Retief en sy 70 man en 30 agterryers op 6 Februarie 1838 toe hulle met Dingaan, opperhoof van die Zoeloes, by sy hoofkwartier Umgungundlovu onderhandel het om grond te bekom, was vir die Voortrekkers in die destydse Natal 'n geweldige terugslag.

Met die daaropvolgende tweespalt en terugslae wat die Voortrekkers ondervind het, opgevolg deur die wrede moorde op mans, vrouens en kinders by Bloukrans, was die Voortrekkers leierloos en weerloos.

Daarom het hulle 'n boodskap gestuur na Andries Pretorius in die Oos-Kaap om leiding te kom gee.

Toe Pretorius hom in November 1838 by die Voortrekkers in Natal aangesluit het, het hy hulle vinnig gekonsolideer in 'n verdedigbare sowel as aanvalsvriendelike en die Wenkommando gemobiliseer om teen die dreigende Zoeloemag op te tree.

Onmiddellik het dit geblyk dat dit op 'n kop-aan-kop botsing afstuur tussen die geoeffende en georganiseerde Zoeloemag van meer as 12 000 krygers en die sowat 400 lede van die Wenkommando.

Teen hierdie agtergrond het Andries Pretorius aan Sarel Cilliers, wat as geestelike leier in die kommando opgetree het, voorgestel dat die kommandolede 'n gelofte aan God maak dat as Hy hulle die oorwinning sou gee, hulle Hom die eer daarvoor sou gee, dat hulle 'n bedeling sou skep wat Hom behaaglik is en dat hulle die nageslag ook daaraan sal verbind.

Die gelofte is deur Andries Pretorius en sy kommando afgelê elke aand vanaf 9 Desember tot en met 15 Desember 1838, op die vooraand van die gedenkwaardige Slag van Bloedrivier op 16 Desember.

Redelik algemeen word aanvaar dat die gelofte, in die Nederlands van destyds, die volgende strekking het:

Mijne Broeders en Mede-landgenoten, hier staan wij tans op een ogenblik voor een heilige God van hemel en aarde om een belofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijn bescherming met ons zal wezen, en onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag en datum elk jaar als een verjaardag en een dankdag zoals een Sabbat in Zijn eer zullen doorbrengen; en dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zullen, waar het Hem zou behagen; en dat wij het ook aan onzen kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheerlijkt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven.

Wat daarna met die Slag van Bloedrivier gebeur het, is welbekend: Die Zoeloemag is vernietigend verslaan, met sowat 2 000 krygers wat doodgeskiet is, terwyl daar aan Voortrekkerkant geen ongevallen was nie en slegs drie liggewondes. Dus 'n absolute wonderwerk!

Die gebeurtenis het 'n beslissende invloed gehad op die latere geskiedenis van die ganse Suid-Afrika.

- Wat vir die hede en toekoms belangrik is, is dat die gees van die gelofte soos volg saamgevat kan word:
- Dit was 'n gelofte aan God Drieëinig, wat, volgens Sy Woord, nagekom moet word.
- Dit het gelei tot die geboorte van die Afrikanervolk.
- Die Gelofte is ook van toepassing op die nageslag van die Afrikaner.

Dit behels 'n verpligting op dié Afrikaner om hom in elke opsig te beywer vir 'n bedeling wat God welbehaaglik is - vanaf die Geloftekerkie in Pietermaritzburg tot 'n bedeling van onafhanklike volkstate in Suider-Afrika gebaseer op vreedsame naasbestaan.

Die Voortrekkers het nie Bloedrivier oorleef omdat hulle velle wit was nie, maar omdat hulle en hul agterryers draers was van die Evangelieboodskap.

Vandag, Desember 2015, staan die Afrikaner 'n groter bedreiging in die gesig as wat daar in 1838 was. Daarvoor is dit nodig dat Afrikaners sover doenlik verskille opsysit, bymekaarstaan en hul verbintenis tot die Gelofte van Bloedrivier met verootmoediging herbevestig. Steeds by God alleen lê die hoop.

As 'n poging om hiertoe 'n bydrae te maak, bied Ditsem Nuus hierdie Geloftesfeeskalender aan.

Afrikaners word aangespoor om die Gelofte van Bloedrivier elkeen sy eie te maak, om vanjaar 'n Geloftesfees by te woon en om die Gelofte in u eie lewe, in u gesin, in u familie en wyer uit te leef.



Lys van Geloftesfeeste (alfabeties volgens plekke)

AKASIA / DE WILDT

• Akasia / De Wildt Geloftesfees (52ste jaar)

Plek: Jopie Fourie-terrein (3 km wes vanaf Hornsnekpad aan R513 vanaf Pretoria-Noord na Brits)
16/12: 08:00 - Kanonsaluut en Vlagparade / 08:30 - Samesang / 08:45 - Spreker - Herman Victor / 09:00 - Geskrifte oor Jopie Fourie - HL du Plessis / 09:20 Geloftediens - ds. Cassie Aucamp / Bloedrivier- en Van Riebeeck-gelofte / Die Stem / 11:00 - Saamkuier.

Kontak: Gawie Rossouw 072 134 1105 / Manie Lemmer 082 879 6969, lemmer.manie@gmail.com

ALLDAYS (LIMPOPO)

• Alldays Geloftesfees

Plek: Rossthomsaal
16/12: 09:00 - Geloftediens / Bring eie eetgoed

Kontak: Ds. Bertus Badenhorst 084 984 1742, bertusbaden@gmail.com

BADPLAAS

• Badplaas Geloftesfees

Plek: NG Kerk, Badplaas
16/12: 09:00 - Geloftediens

Kontak: René Janse van Vuren 017 844 1145 / 072 292 5779, ngkerkbadplaas@tiscali.co.za

BALTIMORE

• Baltimore Geloftesfees

Plek: Baltimore Gemeenskapsaal
16/12: 08:30 - Vlaghysing / 09:00 Geloftediens - ds. Boeta Erasmus / Feesrede - prof. Louis Chaingion / Vingerete

Kontak: Danie Ehlers 082 498 4436, danie.ehlers@lantic.net

BAPSFONTEIN

• Bapsfontein Geloftesfees

Plek: Plot 244, Bashewa (op Garsfonteinweg verlenging, 15 km oos van Pretoria Oos Hospitaal)
16/12: 09:00 - Geloftediens - ds. Dolf Brits / Gelofte / Feesrede - prof. dr. Frans van Staden / Die Stem 4 verse / Verversings / Bring eie stoele

Kontak: Wayne Gibbs 082 818 0696, waynewgibbs@gmail.com / Jopie Jurgens 082 800 6354, mvjurgens@absamail.co.za

BAZLEY STRAND (KZN SUIDKUS)

• Bazley Strand Geloftesfees

Plek: NG Kerk Scottburgh
16/12: 10:00 - Geloftediens en Feesrede - Louis Radyn (FAK) / Samesang o.l.v. sanggroep RaddyZ / Ete

Kontak: Willie Pretorius 072 615 0588, williep@telkomsa.net / Louis Radyn 082 857 2260, louisradyn@gmail.com

BELFAST

• Belfast Geloftesfees

Plek: Belfast Geloftesfeesterrein
16/12: 10:00 - Geloftediens - ds. Maritza Botha

Kontak: Gerhard Kotze 071 609 9266, gdkotze@mweb.co.za

BETHLEHEM

• Laertrek Geloftesfees

Plek: Laertrek Geloftesfeesterrein (tussen Bethlehem en Kestell, GPS Koördinate: 28°18'47.16" S - 28°32'34.01" E)
15/12: Bring en braai / Aandgodsdien en lees van Gelofte / Geskiedkundige DVD

16/12: 07:30 - Biduur / Kampeerontbyt / 09:30 - Perdekombando en vlaghysing / 10:00 - Geloftediens - ds. Francois Venter / 12:00 - Feesrede - Andries Breytenbach (HNP) / Feesvergadering / Gesamentlike middagete
Kontak: Wessel Lourens 082 444 8818, weslou@vodamail.co.za

BLOEMFONTEIN

• Dankbaar Geloftesfees

Plek: Bron van Herinnering
16/12: 07:30 - Vlaghysing / Oggendbiduur - ds. P Stoltz / Kranslegging

Plek: Vrouemonument
9/12-15/12: 18:30 - Biduur daaglik
16/12: 09:00 - Samesang / 09:15 - Geloftediens - ds. Lewis Strauss / Gelofte / Feesrede - dr. Arnold van Dyk (jeugvertelling - Hugo Hayes) / Kranslegging by konsentrasiekampsteentjies en gedenknaald / Loslaat van duive / Die Stem 4de vers / Saamkuier.
Kontak: Ds. HSW Strauss 076 672 4322 / Willie Engelbrecht 082 728 1489

• Bergkraal Geloftesfees

Plek: Bergkraal Geloftesfeesterrein (naby Maselspoort)
16/12: 10:00 - Biduur / 10:45 - Historiese vertelling / 11:30 Geloftediens / Gesellig saamkuier

Kontak: Ds. Robbie du Toit, 084 401 6117, robbiedt@telkomsa.net

• Bloemfontein-Suid Geloftesfees

Plek: Plaas Williamstrip (31 km vanaf Bloemfontein op Jagersfonteinpad, draai regs na Hagedsam/Steunmekaar, draai na 1 km regs na Williamstrip van Bennie & Marietjie Schlebusch, na 2 km regs by hek na feesterrein)
16/12: 09:00 - Buite: Skriflesing en gebed / Vlaghysing / Die Stem 4de vers / Gelofte / Binne: Geloftediens - ds. Bertie de Lange / Tee / Filmvertoning: Slag van Bloedrivier / Eie piekniekmandjie
Kontak: Jann Schlebusch 072 959 3214, jann.schlebusch@gmail.com / Charl Hertzog 084 556 7246

• Rietfontein Geloftesfees

Plek: Plaas Rietfontein (Verkeerdevele distrik)
16/12: 09:00 - Biduur / 10:00 - Geloftediens / 11:30 - Feesrede / Piekniekmandjie-ete

Kontak: Marianne Oosthuizen 083 229 0456

BOKFONTEIN

• Bokfontein Geloftesfees (90ste jaar)

Plek: Geskiedkundige plaas Bokfontein teen Magaliesberge
16/12: 09:00 - Skriflesing en gebed / Vlaghysing / Sang / Gelofte /

Geloftediens - ds. Nic vd Walt / Verversings (bring bordjie eetgoed) / Samesang / Feesrede - ds. Nic vd Walt / Die Stem / Piekniek en braai
Kontak: Herman Els 082 377 2991, hermanels1960@gmail.com

BOKKRAAL

• Bokkraal Geloftesfees (102de jaar)

Plek: Bokkraal Geloftesfeesterrein (tussen Koster en Zeerust)
16/12: 09:30 - Oggendbiduur / Gelofte / 10:00 - Geloftediens - ds. Chrisjan de Nyschen / Feesrede - dr. Jackie Grobler / Middagete: braai.
Kontak: Evert du Preez 083 635 6528 / 014 543 9010 / Rupert 083 218 9779 / coetseeferdi@gmail.com

BOSHOF

• Boshof Geloftesfees

Plek: NG Kerk Boshof (te bevestig)
16/12: Geloftediens / Bring en braai en saamkuier

Kontak: Andrie de Kock 082 345 8990, a.dekock@vodamail.co.za

BOTHAVILLE

• Bothaville Geloftesfees

Plek: NG Kerk Moedergemeente
16/12: 09:00 - Geloftediens - ds. Laurie Naudé / Die Stem (4de vers) / Verversings

Kontak: Piet Bruwer 083 263 5203, pbruwer1@telkomsa.net

• Loskuil Geloftesfees

Plek: Loskuil Skool
16/12: 09:00 - Voorsang / 09:30 - Geloftediens - ds. Carel Bothma / 12:00 - Ete word voorsien

Kontak: Frikkie Nel 082 829 5723, fricar@bothaville.co.za

• Voorbegin Geloftesfees

Plek: Voorbegin Wildboerdery en Lodge (op oewer van Vaalrivier, 33 km buite Bothaville)
15/12: 08:00 Massarit vanaf Nampo Park / Kosstalletjies / Verskeie kunstenaars tree op / 18:30 - Filmvertoning: Treurgrond / Boeredans

16/12: 09:00 - Geloftediens - ds. Wessel Swart / Feesrede - Steve Hofmeyr / Kosstalletjies / Verskeie kunstenaars. Bring eie stoele.
Kontak: Natasha 018 473 0668, info@voorbeginlodge.co.za

BRAKKLOOF

• Brakkloof Geloftesfees (110de jaar)

Plek: Ou Brakkloof Laerskool (30 km vanaf Swartruggens)
16/12: 09:00 - Gelofte / Geloftediens - dr. Dirk Venter / Feesrede / Musiekitems / Verversings

Kontak: Louis Visser 076 350 4010

BRANDFORT

• Brandfort Geloftesfees

Plek: Brandfort Skoolsaal
13/12: 08:00 - Boekevat en Samesang / Vertrek na Voortrekkerbegraafplaas / 09:00 - Skriflesing en Gebed / Kranslegging en Voordrag / 10:15 - Vertrek na Skoolsaal / Vlaghysing / 11:00 - Historiese vertelling / Feesrede - André Visagie / Gelofte / Erediens / 12:15 - Piekniek en braai

16/12: Woon Paardekraal Geloftesfees by
Kontak: Johann Fourie 083 264 2233, johannfourie@gmail.com

BRITS

• Brits Geloftesfees

Plek: Brits Hoërskoolsaal
16/12: 09:00 Feesrede - Flip Buys / Geloftediens - ds. Nico Rautenbach / Verversings

Kontak: Chris van Wyk 074 888 4423, Cor Meintjes 082 783 0720

BRONKHORSTSPRUIT

• Welverdiend Voortrekkervereniging Geloftesfees

Plek: Feesterrein op plaas Wacht-'n-Bietjies-Kop (6 km buite Bronkhorstspuit)

16/12: 09:00 - Video oor Slag van Bloedrivier / Geloftediens - ds. Pieter van Wyk / Vlaghysing / Kanonskoot / Saamkuier - eie eetgoed.
Kontak: Chris van Wyk 082 578 1631 / Neels Pohl 082 335 0896, neelspohl@gmail.com

• Bronkhorstspuit Geloftesfees

Plek: NG Gemeente Nootgedacht
16/12: 08:00 - Samesang / 09:00 - Geloftediens - ds. Tertius Erasmus / Vingerete

Kontak: Pieter de Villiers 082 372 5548, 1ronnie@webmail.co.za

CLANWILLIAM

• Zeekoevlei Geloftesfees

Plek: Zeekoevlei Feesterrein (Clanwilliam-Graafwaterpad, 15 km vanaf Clanwilliam)

16/12: 08:45 - Samesang / 09:00 - Video oor Groot Trek / 10:00 - Verversings / 10:30 - Geloftediens - ds. Leon Skein / 11:30 - Gelofte / 11:45 - Die Stem / 12:00 - Braaivleisete
Kontak: Sybie de Beer 027 482 2929 / Christo Smit 082 547 9087, christo@alazon.co.za

CLOCOLAN

• Clocolan Geloftesfees

Plek: Geloftesfeesaal, Clocolan Skougronde
16/12: 08:30 - Kranslegging / 09:10 - Gewyde sang / 09:30 - Geloftediens - ds. L Louw / Gelofte / 10:30 - Verversings / Voordrag en samesang / 11:00 - Feesrede - Johan Looek / Die Stem / Braaivleisete

Kontak: Dawie Strauss 051 943 7218 / 083 9755 171, moperi@webmail.co.za

COLIGNY

• Doringbult Geloftesfees

Plek: Gerdau Boersaal
16/12: Geloftediens / Feesrede - Meinhard Peters

Kontak: Pieter Hamman 018 673 0697

Finansiële ondersteuning vir hierdie Kalender

Vervolg op Bladsy 2, 3 & 4



www.afriforum.co.za
Centurion
021 644 4484
afriforum@afriforum.co.za

MARYNA DE KLERK
Makelaars • Brokers Bk
Langenhovenpark,
Bloemfontein
Sam en Maryna ondersteun
graag hierdie inisiatief
051 446 1899
samdeklerk@telkomsa.net

Bo-
Cornelisrivier
Geloftesfees
Verkykerskop
083 239 3393
Onder HARRISMITH
in die Kalender!

Dr. Jann
Schlebusch
Bloemfontein-Suid Geloftesfees
Onder
BLOEMFONTEIN
in die Kalender!
072 959 3214

Dr. Ferdi
Hartzenberg
Lichtenburg
082 414 6988

Geloftesfeeskalendar

2015



CULLINAN

• Cullinan Geloftesfees

Plek: Cullinan Geloftesfeesterrein, Cullinan Boere-Uniesaal
16/12: 09:00 – Geloftediens – dr. Johan Otto / Kultuur- en jeugprogram / Die Stem / Verversings
Kontak: Jan Malan 082 496 7120, hejomal@gmail.com / Henri Combrink 082 552 9428, culliboer@nes.co.za

DE AAR

• De Aar Geloftesfees

Plek: AP Kerksentrum, De Aar
16/12: 09:00 – Geloftediens – dr. Reyno Louw / 09:30 – Kort program / Die Stem
Kontak: Dr. Reyno Louw 076 446 8683, zelno@telkomsa.net

DELMAS

• Delmas Geloftesfees

Plek: AP Kerk, Delmas
16/12: 09:00 – Geloftediens – ds. Chris Kruger
Kontak: Annatjie Bothma 083 415 1470, anebothma@telkomsa.net

DENDRON

• Driedoornhoek Geloftesfees

Plek: Driedoornhoek Geloftesfeesterrein
15/12: 15:00 – Boeresport / Jukskei / Koffiehuiskonsert / Potjiekos
16/12: 09:00 – Geloftediens / Gesellige samesyn
Kontak: Francois Fourie 083 626 6573 / Isa Rossouw 071 897 5168, isarossouw@gmail.com

DERBY

• Derby Geloftesfees

Plek: ACVO Skool Derby
16/12: 08:15 – Vlaghysing / 09:00 – Erediens – ds. Simon Hibbert / 10:30 – Feesrede – ds. Danie Booyens / 11:30 – Gelofte / 12:30 – Gratis ete en saamkuier.
Kontak: Willie vd Westhuizen 079 528 4414, multi@mailoffice.co.za / Coenie 082 441 4554

DUIVELSKLOOF

• Duivelskloof Geloftesfees

Plek: Hervormende Kerk, Duivelskloof
16/12: 09:00 – Geloftediens – dr. Daan van Wyk / Feesrede – Piet Vermaak / Saam braai
Kontak: Piet Vermaak 079 019 7701 / Sarel Ströh 072 4585 480

DULLSTROOM

• Dullstroom Geloftesfees

Plek: Hervormde Kerk Dullstroom
16/12: 10:00 – Geloftediens – ds. Jan Prinsloo / Verversings en kuier
Kontak: Marie Bredell 082 451 1896, mbredell@hotmail.com

DUNDEE / VRYHEID

• Bloedrivier Geloftesfees

Plek: Bloedrivier Geloftesfeesterrein (tussen Dundee en Vryheid)
12/12: Uitklim van Vegkop, perdry, jukskei en swem / DVD-vertonings in saal.
13/12: 10:00 – Kranslegging / Piekniek by Wasbank monument
14/12: Aankoms van perdekommando / Jukskei en swem / DVD-vertonings in saal
15/12: Boeresport, kleios kompetisie, skyfskiet, perdesport, swem / Fakkelloop na walaer
Plek: Walaer
16/12: 06:00 – Oggend biduur / 09:00 – Vlagvoorstelling deur perdekommando / Kranslegging en herbevestiging van die Gelofte
Plek: Eufeessaal
16/12: 10:00 – Geloftediens – Ds Danie Steyn / Feesrede – Ds. Hennie Prinsloo / Piekniek/Braai
Kontak: Johan Fourie 082 320 4133, johanfourie@gmail.com

ELLISRAS

• Ellisras Geloftesfees

Plek: Boerevereningsaal (Veilingskrale)
16/12: 09:00 – Geloftediens / 10:00 – Feesrede – Albertus Breytenbach / Koue ete
Kontak: Agnes Olivier 014 763 3677, aolivier@express.co.za

• Sarahbell Geloftesfees

Plek: Sarahbell Feesterrein
16/12: 09:00 – Geloftediens – ds. De Beer / Vlaghysing / Samesang / 11:00 – Feesrede – Theuns de Wet / 12:00 – Gelofte / Middagete – braaipakke te koop
Kontak: Kobus van der Merwe, 084 515 7162, info@paradysafaris.co.za

• Steenbokpan Geloftesfees

Plek: Steenbokpan Boerevereningsaal
16/12: 10:00 – Geloftediens – ds. Bernard Prinsloo / Gelofte / 11:00 – Feesrede – Ignatius Erasmus / 12:00 – Middagete word voorsien
Kontak: Chris & Ilse Erasmus 014 763 4533, stockpoortond@gmail.com

• Matjiesfontein Geloftesfees

Plek: Canterbury Feesterrein
16/12: 09:00 – Geloftediens – ds. Gustaf Opperman / Gelofte / 10:00 – Feesrede / 12:00 – Middagete spitbraai
Kontak: Pieter Lamprecht 082 372 0598, cruisersafaris@icloud.com / Jackie Theunissen 078 6277 816

• Weidhoek Geloftesfees

Plek: Weidhoek Feesterrein
16/12: 09:00 – Geloftediens ds. Chris Nel / Gelofte / 12:00 – Middagete – elke gesin bring eie
Kontak: Jaco de Bruyn 083 626 6582 / Jan Kleynhans 078 638 2576

ERMELO

• Holland Geloftesfees

Plek: Holland Geloftesfeesterrein (tussen Ermelo en Amersfoort)

16/12: 10:00 – Geloftediens – dr. Frans Boshoff / Feesrede
Kontak: Dawie Swanepoel 082 7800 121, saligheid@vodamail.co.za

• Smitsfield Geloftesfees

Plek: Smitsfield Geloftesfeesterrein (25 km oos van Ermelo op Lothairpad)
15/12: 17:00 – Braai en biduur
16/12: 10:00 – Geloftediens / Tee / Gesamentlike middagete
Kontak: Leon Grobler 082 807 9264, lggrobler@skyafrika.co.za

FRANKFORT

• Van Rheenestop Geloftesfees

Plek: Geloftesfeesterrein tussen Frankfort / Villiers / Oranjeville
16/12: 09:30 – Geloftediens – ds. Jurie Venter / Vleisbraai
Kontak: Kobus Hattingh 082 945 4137 / SW Graaff 082 335 3103, swgraaff@gmail.com

FRASERBURG

• Fraserburg Geloftesfees

Plek: CVO Skoolkoshuis, Fraserburg
16/12: 09:30 – Opening / 09:45 – Geskiedenis en roepingsbepaling van ons Volksgelofte / 12:30 – Geloftediens – adv. Lourens Joubert / 13:30 – Klipstapelung / Ligte ete
Kontak: Anmar Dumas 053 381 3868 / Ronnie vd Merwe 023 741 8723, cavdmerwe11@telkomsa.net

GLENTANA-OUTENIQUA

• Glentana-Outeniqa Geloftesfees

Plek: Kobus Hattinghsaal, Glentana
16/12: 09:00 – Geloftediens
Kontak: Prof. Pierre Theron 083 252 4250 / 044 879 1338, profpth@gmail.com

GRAVELOTTE

• Kwaggasnek Geloftesfees

Plek: Kwaggasnek Geloftesfeesterrein (tussen Gravelotte en Letsetele)
16/12: 09:00 – Geloftediens / Vleisbraai – vleispakkies te koop
Kontak: Gerrie vd Merwe 083 459 9080, gerrie13@telkomsa.net

GREYLINGSTAD / VILLIERS / GROOTVLEI

• Wilgefontein Geloftesfees

Plek: Wilgefontein Geloftesfeesterrein (14 km vanaf Greylingstad op pad na Villiers)
16/12: 10:00 – Samesang / 10:30 – Geloftediens – ds. Kotie McDonald / 11:30 – Verkiesing van Komitee / 12:00 – Feesrede – ds. Gideon Grobler / 13:00 – Saamkuier en ete
Kontak: Hannes Strydom 082 351 5979, jacstry@webmail.co.za / Ludwig Ankwicz 082 573 5449 ludwiga@lantic.net

GROBLERSDAL

• Groblersdal Geloftesfees

Plek: DLU Saal
16/12: 09:00 – Feesrede – dr. Dan Roodt / Geloftediens – ds. Johan du Preez / Ligte verversings
Kontak: André de Beer 078 161 1967, andre12@lantic.net

GROOT MARICO DISTRIK

• Oberholzerskloof Geloftesfees

Plek: Oberholzerskloof Feesterrein
16/12: 09:00 – Open / 10:00 – Geloftediens – / 11:00 – Bespreking oor plaaslike familie / Kranslegging / Middagete en kuier
Kontak: Piet van Niekerk 078 517 4208 / Hennie van Eck 083 259 0223, hennievaneck@hotmail.co.za

HARRISMITH

• Bo-Cornelisrivier Geloftesfees

Plek: Verkykerskop
11/12: Laertrek / Kenmekaar
12/12: 07:00 – Oggendgodsdien Loggenberg-huis / 10:00 – Ontmoet sprekers / Perdekaskenades / 14:00 – Waatlemoenfees / 15:00 – Jukskei / 19:30 – Onvoorbereide toesprake
13/12: 10:00 – Kerkdien / 15:00 – Jukskei / 19:30 – Lofprysing
14/12: 07:00 – Oggendgodsdien Jan en Bertie van Niekerk / 10:00 – Voordragte / 14:00 – Jukskei / 19:00 – Gesinsprogram
15/12: 07:00 – Oggendgodsdien Jansen-huis / 11:00 – Basaar / 15:00 – Speletjies / 19:30 Gasheer toespraak / 22:00 Kampvuur
16/12: 09:00 – Geloftediens – Franna Benade / Klipstapelung en Gelofte / 11:00 – Feesrede – Justus Steenkamp / 14:30 – Jukskei / 19:00 – Kuieraand
17/12: 06:00 – Afsluiting
Kontak: Bertie van Niekerk 083 982 8324 / Annie v Niekerk 071 674 6426, annie.solidline@gmail.com

• Retiefklip Geloftesfees

Plek: Feessaal op Feesterrein
12/12: 17:00 – Opening / Verkiesing Jeugkampraad / Volkspede / Koffiedrink
13/12: 10:00 – Erediens / 14:00 – Spitbraai / 19:00 – Aandgodsdien / Kampvuur / Koffiedrink
14/12: 07:30 – Oggendgodsdien / 09:00 – Boeresport / 15:00 – Bergwedloop / 17:00 – Waatlemoenfees / 19:00 – Aandgodsdien / 19:30 – Talentkompetisie
15/12: 07:00 – Oggendgodsdien / 09:00 – Stap na waterval / 19:00 – Aandgodsdien / Verskeidenheidskonsert
16/12: 10:00 – Geloftediens – ds. J de Bruyn / Fakkelloop / Gelofte / Gesamentlike middagete / 19:00 – Aandgodsdien / Lees van joernale / Koek en tee
17/12: Afsluiting
Kontak: Johan Matthee 083 785 1022, johan@cooteclarkson.co.za

HARTBESPOORT

• Hartbespoort Geloftesfees

Plek: NG Kerk Hartbespoort
16/12: 08:30 – Samesang / 09:00 – Geloftediens – ds. Christo van Vuuren / Feesrede – prof. Jorrie Jordaan / Verversings en verkope van geskiedkundige boeke en video
Kontak: Riaan Badenhorst 083 675 1483, kasieb@telkomsa.net

HARTENBOS

• Hartenbos Geloftesfees

Plek: Amfiteater
16/12: 08:00 – Geloftediens – ds. Dawid de Wet
Plek: ATKV Museum (oorkant die NG Kerk)
16/12: 10:00 – Feesrede – Marie Ferreira / Gelofte – Voortrekkers / Tee
Kontak: Schalk van Vuuren 083 628 7900, wilmarcor@telkomsa.net / Ansie Claasen 044 695 0440, ansie@ngkhartenbos.co.za

HEIDELBERG (TRANSVAAL)

• Suikerbosrand Geloftesfees

Plek: Kafferskraal (GPS 26.546881, 28.280225)
16/12: 10:00 – Diens en Geloftesfees / Saamkuier
Kontak: Lemont Kriel 084 511 4759 / 016 340 4383, lemontk@lesedilm.co.za

HEILBRON

• Vegkop Geloftesfees

Plek: Vegkop Slagveldterrein (20 km suid van Heilbron)
16/12: 09:00 – Geloftediens – ds. Johan Theron / Feesrede – ds. Tommie van Vuuren / Braaivleisete en saamkuier / Wandelpad om Vegkop uit te klim (Kampplek met kragpunte beskikbaar)
Kontak: Jasper van der Bijl 082 453 7357, jasper.vanderbijl@kombijl.co.za / Corné van der Merwe 083 306 0357, cornevdm@mymtnmail.co.za / Sien ook Facebook Vegkop Slagveldterrein

HENDRINA

• Hendrina Geloftesfees

Plek: Hendrina Geloftesfeesterrein
12/12: Kamp opslaan / Kampvuurstories – Nico Nel / Skaapkop braai
13/12: Kerkdienste in dorp / Potjiekos / Jukskei / Video oor Bloedrivier
14/12: Aandgodsdien / Nagmars (kinders)
15/12: Aandgodsdien / Braai: Vleis, pap en sous voorsien
16/12: 07:30 – Oggendbiduur / 09:00 – Geloftediens – dr. Casper Boye / Verversings / 12:30 – Gesamentlike ete, bring eie eetgoed.
17/12: Kamp afslaan
Kontak: Anton Pelser 082 804 1796, astro2@megaweb.co.za / Meyer de Jager 082 773 2143 dejagervoorspoed@googlemail.com

HENNENMAN

• Samekoms Geloftesfees

Plek: Samekoms Feesterrein
12/12: 10:00 – Boeresport / Samekoms' got talent / Bring-en-braai / Bloedrivier film
15/12: 19:30 – Toneel / Kampvuur & koffie / Laat Bring-en-braai
16/12: Geloftediens – Johan van Huysteen / Koek en tee
Kontak: Christine Bouwer 082 773 9297, cpbothariptill@gmail.com

HOEDSPRUIT

• Hoedspruit Geloftesfees

Plek: Geloftesfeesterrein, Laerskool Mariepskop
16/12: 08:00 – Geloftediens / Feesrede - Pierre Wright
Kontak: Melanie Wright 084 767 4608, hoedspruitvoortrekkers@webmail.co.za

KAYASEPUT

• Kayaseput Geloftesfees

Plek: Kayaseput Feesterrein (Dwaalboom omgewing)
16/12: 10:00 – Geloftediens / Feesrede / Ete
Kontak: George Potgieter 082 903 5752 / 078 330 6663, georgep@gvf.co.za

KIMBERLEY

• APK Kruisgemeente Geloftesfees

Plek: APK Kruisgemeente (h/v Queens- en McDougalstraat)
15/12: Perdekammando
16/12: 09:00 – Geloftediens / Vertelling van 1838
Kontak: Ds. Danilo Stoltz 084 44 444 17, danilos@vodamail.co.za

KLEINFONTEIN

• Kleinfontein Geloftesfees

Plek: Kleinfontein Gemeenskapsaal
16/12: 09:30 – Samesang / 09:45 – Historiese vertelling / 11:05 – Geloftediens – ds. Johan Greyling / Gelofte / Die Stem (4de strofe) / Kuier – bring eie piekniekmandjie
Kontak: Charel Bezuidenhout 082 255 6531, cmonster@vodamail.co.za

KOPPIES

• Greenlands Geloftesfees

Plek: Greenlands Geloftesfeesterrein
16/12: 09:00 – Geloftediens – past. Dawid Ras / Feesrede – Melodie von Steen
Kontak: Matty Lotter 083 263 0456 / 056 777 1067, matty@act.co.za

• Rooiwal Geloftesfees

Plek: Rooiwal Geloftesfeesterrein
16/12: 09:00 – Geloftediens / Feesrede – ds. Faan Smit / Ete
Kontak: Ben Vosloo 079 495 0180, jl@vosven.co.za

KOUGA

• Kouga Geloftesfees

Plek: Hananja Akademie (4 km langs die Gamtoosrivier op vanaf die Gamtoos Ferry Hotel)
16/12: 10:45 – Samesang / 11:05 – Geloftediens / Item deur Hananja Akademie Skool / Gelofte / 12:05 – Feesrede / Die Stem / Bring en braai.
Kontak: Wentzel Coetzer 072 534 5914, oogly-boogly@hotmail.com / Pieter v Niekerk 082 461 7522

KROONSTAD

• Geloftediens

Plek: NG Moederkerk
16/12: 09:00 – Geloftediens
Kontak: Dries Otto 082 923 3113, ajotto@compuking.co.za

• Onder-Heuningspruit Geloftesfees

Plek: Onder-Heuningspruit (ongeveer 35 km vanaf Kroonstad op Vredefortpad)

Finansiële ondersteuning vir hierdie Kalender



TAAL

KUNSTE

GEMEENSAP

ONDERWYS



As jy 'n Gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.

Pred. 5:3-4

Paardekraal Gelofte

By Paardekraal Geloftefeesterrein staan die oplossing vir ons huidige probleme in graniet gegraveer - die Paardekraal Gelofte.

Ons hemelse Vader verwag van 'n geloftemaker om sy gelofte te betaal, anders sal Hy die werke van sy hande verwoes. "As jy aan die HERE jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word."

(Deut.23:21)

Vise-president Paul Kruger het omstreeks 1878 besef dat die rede waarom Brittanje die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) geannekseer het, was die wan??? van die Gelofte van Bloedrivier. Na diepgaande ondersoek het Kruger bevind dat die Voortrekkers nie hul gelofte betaal het nie, met die gevolg dat Brittanje slegs vier jaar ná die geskiedkundige oorwinning by Bloedrivier, Natal geannekseer het.

Kruger het die implikasies van die wanbetaling van geloftes besef en die burgers van die ZAR. Die Gelofte van Bloedrivier tydens volksvergaderings te Wonderfontein en Paardekraal op 16 Desember in onderskeidelik 1879 en 1880 laat nakom.

Op 13 Desember 1880 tydens die Paardekraal volksvergadering het die burgers van die ZAR beloof om as volk elke jaar by Paardekraal byeen te

kom om die Gelofte van Bloedrivier te herdenk. Dit is die Paardekraal Gelofte.

Terwyl die burgers vir die tweede keer in 42 jaar by Paardekraal die Gelofte herdenk, breek op 16 Desember 1880 die Eerste Vryheidsoorlog teen Brittanje uit. Binne 11 weke egter op 27 Februarie 1881 by Majuba dien die ZAR die Britse magte 'n nekslag toe en herwin daarmee hul vryheid.

Die ZAR regering het toe, soos beloof, Geloftegedag die daaropvolgende 16 Desember 1881 te Paardekraal herdenk. Sederdien het die nakoming van die Gelofte egter jammerlik in die slag gebly. Die gevolg? Die Jameson-inval in 1895, waardeur Brittanje uiteindelik in 1899 oorlog teen die ZAR en die Vrystaat afdwing, en hulle in 1902 tot oorgawe bring.

God is die God van Sy Woord. Dit is duidelik.

Ons as volk se oplossing is veranker in die nakoming van die Paardekraal Gelofte en wel daarin dat elke Geloftefeeskomitee en gemeente wat die Gelofte eerbiedig, jaarliks 'n afvaardiging na Paardekraal sal stuur om sodoende die hele volk by Paardekraal te verteenwoordig.

"As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie." **(Pred. 5:3-4)**

16/12: 09:00 - Perdekommendo / Vlaghysing / Gelofte / Samesang / Geloftefees en Feesrede – Myan Subrayan, skrywer met passie vir Afrikaanvolk en sy geskiedenis / Kultuurliedjies en Die Stem / Saam eet en kuier
Kontak: Carl Visagie 083 462 7378, cjvisagie@hotmail.com

• Randjieslaagte Geloftefees
